# Kuisheid





Jou Hemelse Vader het jou lief en wil hê dat jy vandag en verewig gelukkig moet wees. Hy het deur Sy profete, raad en gebooie gegee om jou te help. Een gebod wat noodsaaklik is vir jou vrede en geluk, is Sy gebod aangaande seksuele reinheid, wat as die wet van kuisheid bekend staan. Die Here het hierdie wet van die begin af ingestel, en Hy het die belangrikheid daarvan aan die Profeet Joseph Smith beklemtoon, as deel van die Restourasie van die evangelie van Jesus Christus. Gehoorsaamheid aan hierdie gebod, is 'n vereiste om in Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae gedoop te word.

## *Wat Is die Wet van Kuisheid?*


Fisiese gemeenskap tussen man en vrou is 'n pragtige en heilige deel van God se plan vir Sy kinders. Dit is 'n uitdrukking van liefde binne die huwelik en laat man en vrou toe om deel te neem in die skepping van lewe. God het beveel dat hierdie heilige krag slegs tussen 'n man en vrou uitgedruk word, wie wettiglik getroud is. Die wet van kuisheid is van toepassing op beide mans en vrouens.

*Die wet van kuisheid vereis dat seksuele gemeenskap slegs plaas vind binne die huwelik, tussen 'n man en 'n vrou.*

Dit sluit in om streng weg te bly van enige seksuele verhoudinge voor die huwelik, en volkome getrouheid en lojaliteit aan jou eggenoot na die huwelik.

Saam met seksuele gemeenskap slegs binne die huwelik, volg ons ook die wet van kuisheid, deur ons gedagtes, woorde en dade te beheer. Jesus Christus het geleer, "Julle het gehoor wat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg het" (Mattéüs 5:27–28).





## *Hoekom Moet Ek die Wet van Kuisheid Onderhou?*

Jou Hemelse Vader het die wet van kuisheid gegee om jou te beskerm en te seën. Soos alle heilige dinge, moet fisiese gemeenskap volgens God se wyse, uitgedruk word. Soos wat jy die wet van kuisheid onderhou, sal jy geluk, vrede en self-respek geniet. Jy sal 'n vertroue in jou familie verhoudinge ondervind en jy sal met self beheersing geseën word. Jy sal die seëninge van die evangelie van Jesus Christus geniet, deur die invloed van die Heilige Gees.

*Soos wat jy die wet van kuisheid volg, sal jy:*

- *Die Heilige Gees in jou lewe in nooi.*
- *Groter self respek ontwikkel, soos wat jy selfbeheersing uitoefen.*
- *Meer sekerheid hê in jou verhoudinge.*
- *Meer liefde hê vir die mense om jou.*

Satan probeer mense oortuig, dat seksuele omgang buite die huwelik aanvaarbaar is en selfs begeerlik is. Maar dit is 'n ernstige sonde; God het nog altyd Sy kinders geleer om deugsaam, rein en kuis te wees (sien Exodus 20:14 en Alma 39:3–5). Hierdie is 'n ewige beginsel.

Die verbreeking van die wet van kuisheid is 'n misbruik van die krag wat God aan ons gegee het om lewe te skep; dit verontagsaam God en Sy kinders. Dit demp

geestelikheid en lei dikwels na bitterheid, hartseer, egskeiding, siektes en aborsies. Diegene wie hierdie wet verbreek, word aan meer van Satan se invloed blootgestel. Hierdie sonde het ook ernstige uitwerkinge op familie lede en andere.

## *Hoe Kan Ek die Wet van Kuisheid Onderhou?*

God vereis ‘n hoë morele standaard van Sy kinders. Om die wet van kuisheid te onderhou, moet jy onbegeerlike gedagtes, woorde en dade met goeie en gesonde gedagtes, woorde en dade vervang. Die volgende beginsels sal help:

> *"Laat deugsaamheid jou gedagtes voortdurend versier; dan sal jou vertroue toeneem voor die aangesig van God."*
>
> **L&V 121:45**

**Gedagtes.** Positiewe en konstruktiewe gedagtes sal negatiewe en onsedelike gedagtes uit jou lewe uitdryf. Soos wat jy jou lewe met goeie gedagtes en aktiwiteite vul, sal jou vermoë om negatiewe gedagtes te oorkom en te vervang, vermeerder. Om die geskrifte te lees, jou familie te dien, getrou te werk en aan goeie aktiwiteite deel te neem, sal jou help om jou gedagtes te beheer.





Vermy pornografie in alle forme. Dit is verslawend en vernietigend. Dit sal jou van jou self respek en jou vermoë om die skoonhede van die lewe te waardeer, beroof. Moenie jou gedagtes toelaat om te dwaal in onbetaamlike of onsedelike gedagtes of beelde nie. Moenie enige iets lees, kyk, of luister, wat die menslike liggaam of seksuele gedrag in 'n oneerbiedige manier uitbeeld nie. Moenie met begeerlike gedagtes na andere kyk nie en vermy suggestiewe of eksplisiewe films, televisie programme, internet webwerwe, musiek, boeke, tydskrifte en aktiwiteite.

**Woorde.** Laat jou woorde andere opbou en versterk. Neem afbrekende, vulgêre en ongeskikte seksuele woorde, grappe en temas uit jou gesprekke uit.

**Dade.** Behandel andere altyd met respek. Wees beskeie en eerbaar in jou kleredrag. Wanneer jy onthou dat elke persoon 'n kind van God is, en indien jy alles doen om andere te help om Sy plan te volg, sal jy versterk word in jou begeerte om die wet van kuisheid te onderhou.

Besluit nou dat jy niks buite die huwelik sal doen, om die kragtige emosies aan te wakker wat slegs binne die huwelik uitgedruk mag word nie. Moenie hierdie emosies in 'n ander persoon of in jouself opwek nie. Moenie deel neem aan homoseksuele of lesbiese of ander onsedelike aktiwiteite nie. Vervang aktiwiteite

waar jy dalk getempteer mag word om die wet van kuisheid te verbreek, met konstruktiewe aktiwiteite en stokperdjies. Bly volkome getrou aan jou eggenoot, binne die huwelik, in gedagte en daad.

Omdat die uitleef van die wet van kuisheid jou nader aan God sal bring, sal Satan jou verlei om hierdie gebod te verbreek. Hy weet wanneer jy alleen, verward of mismoedig is en hy sal jou tempteer wanneer jy swak is. Bid aan jou Hemelse Vader vir hulp, en Hy sal aan jou die krag gee om temptasie te weerstaan (sien 1 Korinthiërs 10:13). Soos wat jy op Hom vertrou en hierdie beginsels volg, sal jy die vermoë ontvang om temptasies te oorkom.

## *Seëninge van die Uitleef van die Wet van Kuisheid*

Soos wat jy die wet van kuisheid leef, sal jy die invloed van die Heilige Gees beter aanvoel. Met die leiding van die Heilige Gees, sal jy meer wysheid ontwikkel, jou uitdagings met meer moed kan aandurf, God se ondersteuning en leiding beter kan aanvoel en 'n beter voorbeeld wees, aan jou familie en andere. Die liefde wat jy vir jou eggenoot en geliefdes het, sal dieper, rykker en meer betekenisvol wees. Jy sal groter gemoedsrus ondervind.



*Ongeag van dit wat jy in die verlede gedoen het, is groot seëninge steeds beskikbaar indien jy nou begin om die wet van kuisheid te leef.*

In die geskrifte leer ons dat ware geluk kom, wanneer ons die gebooie van God onderhou (sien Mosia 2:41) en dat "goddeloosheid nooit geluk [was] nie" (Alma 41:10).

Indien jy die wet van kuisheid verbreek het, het God dit moontlik gemaak vir jou om te bekeer en weer skoon te word. Bekeer nou van enige oortredinge van die verlede en besluit om hierdie heilige wet nou te leef. Deur die Versoening van Jesus Christus en ware bekering, kan jy vergewe word en vrede ontvang.

# ADDISIONELE STUDIE

Die volgende vrae en skrif verwysings sal jou help om meer oor die beginsels in hierdie pamflet te leer. Voetnotas en verwysings in die geskrifte, sal jou na addisionele skriflesings en bronne aangaande hierdie beginsels, verwys.

## Wat beteken dit om die wet van kuisheid te onderhou? Hoekom is hierdie wet so belangrik?

Exodus 20:14 (Bybel, Ou Testament)

Spreuke 6:27–32 (Bybel, Ou Testament)

Titus 2:11–12 (Bybel, Nuwe Testament)

Alma 39:3–5 (Boek van Mormon, bladsy 306)

3 Nefi 12:27–30 (Boek van Mormon, bladsy 432; sien ook Matthéüs 5:27–30 in die Nuwe Testament)

"Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" (Die sendelinge of 'n lid van die Kerk kan jou help om 'n afskrif van hierdie dokument te bekom en van *Getrou aan die Geloof* en *Vir die Sterkte van die Jeug*, wat hier onder aan gelys word. Jy kan hulle ook aanlyn vind by www.mormon.org.)

"Kuisheid," *Getroue aan die Geloof*


## Hoe kan ek die krag bekom, wat ek nodig het om die wet van kuisheid te onderhou?

1 Korinthiërs 10:13 (Bybel, Nuwe Testament)

Mosia 4:29–30 (Boek van Mormon, bladsy 157)

Alma 38:12 (Boek van Mormon, bladsy 305)

*Vir die Sterkte van die Jeug* pamflet




# *Wat Moet Ek Doen?*

- *Hou aan om die Boek van Mormon te lees.*

  *Voorgestelde leeswerk:*____________________

  ______________________________________

- *Leef volgens die wet van kuisheid. Bid vir hulp om die gebooie te onderhou.*

- *Woon hierdie Sondag die kerk by.*

- *Hou aan om vir die doop voor te berei.*

  *Doop datum:*______________________________________

- *Besoek www.mormon.org , om meer oor Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae te leer.*

- *Hou aan om meer oor die gerestoureerde evangelie te leer, deur jou afsprake saam met die sendelinge.*

  *Volgende afspraak:*__________________________________

*Name en telefoon nommer van Sendelinge:*

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

DIE KERK VAN
JESUS CHRISTUS
VAN DIE HEILIGES VAN DIE
LAASTE DAE

**www.mormon.org**

AFRIKAANS

4 02012 03501 6
01203 501

**Beeld Erkenning**
Voorblad, detail van *Gee Gehoor Aan Hom,* deur Simon Dewey. © Simon Dewey
Bladsy 6, *Die Verlosser,* deur Del Parson. © Del Parson
Bladsy 2, 5, 9, 10, 13 deur Craig Diamond

© 2007 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA.
Engelse goedkeuring: 11/05. Vertaling goedkeuring: 11/05. Vertaling van *Chastity.* Afrikaans. 01203 501